[9]

TELEFOON

# DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN Bronkhorstspruit

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES Posbus 1641
Bronkhorstspruit

DATUM 5.5.92.

Die Voorsitter van die Dagbestuur
Kodesa
Posbus 307
ISANDO
1600

Meneer

GEBRUIK VAN AFRIKAANS BY KODESA

Die Rapportryerskorps van Bronkhorstspruit het op sy vergadering van 9 Maart 'n besluit geneem dat 'n skrywe aan u gerig word om beswaar aan te teken teen die miskenning van Afrikaans as gebruikstaal by alle aktiwiteite van Kodesa.

In die lig van die feit dat veranderinge in die politieke bestel by Kodesa onderhandel word, is dit vir die korps onaanvaarbaar dat 'n amptelike taal van die Republiek sonder onderhandeling onderwerp word aan miskenning.

Ons het verneem dat die koste van vertalingsdienste as verskoning gebruik word, maar ons is van oordeel dat daar vir sodanige koste voorsiening gemaak moet word in die begroting van Kodesa. Dit is na ons mening so dat, indien koste 'n probleem is, daar op ander terreine bespaar sou kon word, wat nie noodwendig gebeur nie.

Ons vertrou dat u ons beswaar aan die lede van Kodesa sal oordra.

Die uwe

N M Prinsloo
Sekretaris